Kort verslag vergadering klassis Suid Februarie en Maart 2008

Die klassis Suid, bestaande uit die kerke Bethal, Johannesburg en Kaapstad het twee sittings gehou. Die eerste sitting, wat telefonies gehou is, was op 21 Februarie 2008. Ds. P. Nel, wat die beroep na Pretoria aangeneem het, het op hierdie sitting van die klassis ontslag uit die klassis gekry. Die werk wat hy gedoen het, asook die toekomende werk in Pretoria is aan die Here opgedra. Die tweede saak wat in Februarie hanteer is, het betrekking op die Sinode wat so die Here wil op 12 Mei 2008 in Kaapstad sal begin. Afgevaardigdes moet gekies word en moontlike voorstelle van die klassis moet aangestuur word. Die afgevaardigdes kon tydens die eerste sitting nie vasgestel word nie, aangesien dit moeilik is om ouderlinge te vind wat vir ‘n week beskikbaar is vir die sinode.
‘n Voorstel van Johannesburg dat dominees nie-outomaties aanwesig is op al die kerklike vergaderinge, is aanvaar en sal aan die Sinode gestuur word.
Op die tweede sitting, gehou op 13 en 14 Maart 2008 te Kaapstad was die belangrikste item die eksaminering van twee broers uit die sendingsgemeente van Belhar. Na die aanhoor van die motivering om predikant te word asook die aanhoor van preekvoorstelle het die klassis besluit om voort te gaan met die eksaminering. Na die eksaminering het die klassis ten aansien van br. Carl Van Wyk met vreugde besluit om hom beroepbaar te stel. Ten aansien van br. Pieter Abrahams het die klassis besluit om hom op hierdie stadium nog nie beroepbaar te stel nie. Preekkonsent, vir een jaar, word aan hom toegestaan in alle kerke. Kaapstad sal dit op hom neem om die broer verder te begelei.
Ander items was die vasstelling van die afvaardiging na die sinode. Afgevaardigdes is: die predikante Breytenbach, Kleijn en Viljoen en die ouderlinge Haak, Snijder en Van Dalen.

Namens die klassis
Atze Herder, Skriba